

HOOFSTUK XVI.

KRITIESE UITEENSETTING.

ADAMSON, DIE DIREKTEUR VAN ONDERWYS.

1. VOORAFGAANDE TOESTANDE.

In Transvaal is die ampstydperk van Adamson deur 'n gesamentlike dienstyd van 29 jaar van nege onderwys hoofde<sup>1</sup> voorafgegaan.

Omdat die eerste blankes eers in 1838 in Transvaal aangekom het, spreek dit vanself dat daar in hierdie eerste stigtingsjare nie veel gedoen kon word nie.

Nietemin is daar tog in geslaag om die nodige onderwyswetgewing vir die daarstelling van 'n onderwysstelsel deur te loods en daarmee die grondslag vir 'n onderwysdepartement te lê. Hierbenewens is daar ook geslaagde pogings aangewend om die toerusting vir die onderwys te bekom en klaskamerruimte beskikbaar te stel. Weliswaar het die werksaamhede van hierdie 29 jaar die kenmerke van die pionierstempel van stoflike gebrek gedra. Dit het die onderwys hoofde egter nie ontmoedig nie.

In die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek is die belange van die kind voorop gestel. Die Onderwyswet van 1866 het onder andere bepaal dat die Algemene Skoolkommissie jaarliks 'n verslag oor die onderwystoestande, geboue, toebehore, eksamenuitslae, die

---

1. W.J. van Gorkum (1876 -1878), dr. J. Vacy Lyle (1877-1879), ds. H.S. Bosman (1879-1881, waarnemend), ds. S.J. du Toit (1881-1891), H. Stiemens (1888-1891, waarnemend), dr. N. Mansvelt (1891-1900), E.B. Sargant (1900-1903), Fabian Ware (1903-1905), H. Warre Cornish (1905).

aanstelling van onderwysers in goewermentskole, tweeta-  
ligheid van onderwysers en die inspeksie van skole<sup>2</sup>  
aan die Uitvoerende Raad van die Volksraad moes voorlê.  
President Burgers het veral die belangrikheid van hoër-  
onderwys beklemtoon,<sup>3</sup> terwyl Superintendent S.J. du Toit  
daarin geslaag het om die meeste kinders van skoolgaande  
ouderdom deur sy stelsel van ouerverantwoordelikheid en  
staatstoelae in die skole te betrek. Toe Superinten-  
dent Mansvelt die onderwys oorgeneem het, was dit sy  
taak om die administrasie van die openbare onderwys in  
die Suid-Afrikaanse Republiek op 'n gesonde werkende  
grondslag te plaas.<sup>4</sup> Hierin het hy met Onderwyswet No.  
8 van 1892 uitmuntend geslaag:

„Onderwys onder Mansvelt -  
1891 tot 1899 - het dus 'n bloei-  
tyd gehad.”<sup>5</sup>

Na die ontwrigting wat op die Tweede Vryheids-  
oorlog gevolg het, kon E.B. Sargant aanvanklik nie veel  
met sy kampskole-organisasie uitvoer nie, dog vanaf  
1903 het hy en sy opvolgers deur uitvoering aan Ordon-  
nansie No. 7 van 1903 te gee hulle onvermoeid beywer om  
die kinders van die verowerde volk vir 'n nuwe lewens-  
beskouing voor te berei.

“You ought to have a politi-  
cal aim in all your school work,  
and that aim should be to make  
political parties unnecessary.  
You ought to have a religious aim,  
and that should be to diminish re-  
ligious dissensions.”<sup>6</sup>

Veertig jaar later het Adamson die volk se  
nasionale roeping soos volg saamgevat:

---

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 29 tot 30.

3. Ibid, 41.

4. Ibid, 63.

5. Ibid, 68.

6. Sargant, brief 7/3/1904. Verslag ..... Transvaal  
and Orange River Colony, 1900 tot 1904, 203.

"Now I want to stress the corporate call. Individuality is for service. It expresses itself best in contribution. And the call for us is a clear one. Here we are two races, each of sturdy independence . . . . . Tolerance, magnanimity and sympathy are the sign-posts."<sup>7</sup>

Die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek is betekenisvol omdat dit die grondslag gelê het waarop die Afrikaanse gedagte volgens 'n stelsel van verengelsing moes voortbou.

## 2. DIE AMP.<sup>8</sup>

Die taak en verantwoordelikheid van die direkteur van onderwys lê enersyds teenoor die administrasie en andersyds teenoor die onderwyspersoneel en die gemeenskap.

In die tydperk onder behandeling het Adamson agtereenvolgens onder 'n Koloniale Sekretaris, 'n Minister van Onderwys en 'n Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee<sup>9</sup> die onderwys behartig.

Waar 'n direkteur van onderwys met die beheer oor die onderwys van 'n hele provinsie belas is, behoort hy uit die aard van die saak soveel vryheid van optrede te geniet, dat sy beslissing in beroepsaangeleenthede soos leerplanne, inspeksie, beheer van leerkragte en interne skoolsake sonder inmenging van buite finaal is. Dit spreek dus vanself dat hierdie amp hoë eise aan hom sal stel en dat die provinsie met reg die hoogste bevoegdhede van hom sal verwag:

---

7. Adamson: Education for a Brave New World. Ongepubliseerde artikel 1944, 8.

8. Raadpleeg: Verslag . . . . . Provinsiale Onderwyskommissie (1937).

9. (i) Koloniale Sekretaris 1903-1907.

(ii) Minister van Onderwys 1907-1910.

(iii) Administrateur-in-Uitvoerende Komitee vanaf 1910.

„Deur natuurlike begaafdheid moet hy 'n man wees van wilskrag, inisiatief en vindingrykheid, en moet hy oor die breë menslikheid beskik wat hom die nodige invloed by die ouers sal gee asook by die publiek wat in die onderwys belangstel. Hy behoort opgelei te wees as 'n vakkundige pedagoog, in besit wees van 'n hoë akademiese graad en getoon het dat hy die volste begrip het van die probleme van sy beroep. Hy moet deur ervaring aktief deelgeneem het aan soveel vertakkinge van die onderwysstelsel as moontlik.“<sup>10</sup>

Daarby is dit ook noodsaaklik dat hy uit die onderwysberoep gekies moet word en dat die vraagstuk van senioriteit ook in gedagte gehou moet word.

Hierdie hoë eise is noodsaaklik, omdat dit vir die onderwys van die grootste belang is dat die gesag van die Departement gehandhaaf moet word, sodat nadelige invloede die normale verloop van sake nie sal versteur nie. Derhalwe moet die direkteur met soveel gesag beklee wees dat hy uitvoering aan die beleid van die volkse verteenwoordigers kan gee en tot verantwoording geroep kan word in geval van onreëlmatige optrede. Om alle twyfel in verband daarmee uit die weg te ruim, is dit in belang van enige doeltreffende administrasie dat die magte en pligte van die direkteur kragtens subartikel (a) van artikel 90 van die Onderwyswet van 1907 omskryf moet word.

Adamson het deur natuurlike aanleg aan die eise van wilskrag, ondernemingsgees, vindingrykheid en menslikheid voldoen. Hy was 'n opvoedkundige van naam en hy was in besit van hoë akademiese en professionele kwalifikasies. Hy het self 'n teorie van onderwys<sup>11</sup>

---

10. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie (1937), 14.

11. Adamson: The Individual and the Environment.

opgestel en sover moontlik prakties probeer toepas. Die Onderwysraad, die Minister van Onderwys en daarna die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee het hom 'n redelik vrye hand gelaat om die gesag van die Departement deur ywerige inspanning te handhaaf.

### 3. ADAMSON EN DIE ONDERWYSBELEID.<sup>12</sup>

Adamson moes hom aan die wêreld van die objektiewe werklikhede,<sup>13</sup> die van die minder sigbare<sup>14</sup> en die van die sedelike<sup>15</sup> aanpas. In die eerste geval is die swaartepunt van stoflike aard, in die tweede geval word die geestesprodukte van die voorgeslagte beklemtoon terwyl die derde wêreld sy swaartepunt in die enkeling self vind. Hierdie indeling moet egter nie te letterlik<sup>16</sup> beskou word nie maar liefs gesien word as onderskeidingsbakens, omdat die kind reeds van sy vroegste jare af in aanraking met aldie wêreld kom. Dit bly egter waar dat die nie-skoolgaande kind meer in die werklikhede van die natuur en die skoolgaande jeug meer in die maatskaplike en geestelike verskynsels belangstel. Die hele aanpassingsopvoedkunde van Adamson is 'n natuurlike groeiproses waardeur die mens trapsgewyse gevorm word om harmonies met die groot geheel te funksioneer.

In hierdie aanpassingsproses is die taak van die skool die van wegwysers<sup>17</sup> en moet dit vir die eenheid en samehang van die leerstof voorsiening maak, sodat daar steeds met die eenheid van die werklikheid rekening

---

12. Hugo: Resensie „The Individual and the Environment” in die Volkstem, 4 Augustus 1923, 7.

13. Adamson: The Individual and the Environment, 39 tot 150.

14. Ibid, 153 tot 166.

15. Ibid, 299 tot 320.

16. Ibid, 149 tot 150.

17. Adamson: Externals and Essentials, 101.

gehou kan word. In die verband maak hy dan ook vir beroepsaanpassing<sup>18</sup> voorsiening, omdat die opvoeding wel deeglik in noue verband met die beroepslewe van die jeug staan. Dis immers die roeping van die skool om 'n kultureel-sedelike en goed gevormde mens aan die gemeenskap te oorhandig en al het hy die skoollewe en -werk meer as die kindersiel in sy verskeidenheid beklemtoon, moet ons hom dank vir die teoretiese uiteensetting wat hy van volksopvoeding gegee het.

Soos die geval met elke volk het ook Suid-Afrika 'n kulturele verlede waaruit sy onderwys moet voortspruit. Die onderwys en opvoeding wat Suid-Afrikaans genoem kan word, moet dus sy wortels in hierdie bodem vind en daarvolgens sy ontwikkeling bepaal. Hierdie enigste ware grondslag van volksopvoeding het Adamson in sy beskouinge oor landbou-onderwys vir die platteland gehandhaaf maar ongelukkig is dit nie na ver-lange in die praktyk toegepas nie. Om ons volk vir die mededinging van binne en van buite geskik te maak is konstruktiewe, leidende, praktiese geeste op die gebied van die opvoedkunde onontbeerlik.

#### 4. ADAMSON.

Die stoflike groei van die onderwys in die wordingsjare toe Adamson aan die hoof gestaan het is merkwaardig. In 1905<sup>19</sup> het 1,234 onderwysers hom welkom geheet en in 1924<sup>20</sup> het 5,149 hom 'n vaarwel toege-roep. Toe<sup>21</sup> het 29,456 leerlinge op sy leiding gewag. In 1924<sup>22</sup> het 132,521 reeds sy leiding ontvang. In

---

18. Adamson: The Individual and the Environment, 237 tot 266.

19. T.O.D. Jaarverslag 1906, 139.

20. Ibid 1924, 38.

21. Ibid 1906, 127.

22. Ibid 1924, 30.

1905<sup>23</sup> het onderwysuitgawes £367,000 en in 1924<sup>24</sup> reeds £2,669,253 beloop.

Hierdie syfers is van belang maar die ontwikkeling wat daardeur weerspieël word is van meer belang.<sup>25</sup> Sentralisasie van skole, onderwys- en vervoerbeurse, oprigting van koshuise en skoolgeboue; laer- en middelbare onderwysontwikkeling volgens bepaalde leerplaneise; onderwyswetgewing om voorsiening te maak vir gratis en verpligte onderwys; die verskeidenheid van eise wat 'n groeiende en industrieelwordende gemeenskap aan akademiese en praktiese opleiding stel; die opleiding van voldoende en bekwame leerkrigte en die verskaffing van goeie diens- en pensioenvoorregte; die toesig, beheer, gesondheidsdienste en die bekostiging van die onderwys; 'n burgeroorlog wat die gemoedere opgesweep het en 'n wêreldoorlog wat die land arm gemaak het, was aangeleenthede waarmee Adamson te doen gekry het in sy werk as Direkteur van Onderwys.

Die eerste kwart van die twintigste eeu is in Transvaal gekenmerk deur groeipyne. Die Boerevolk moes sig onder die Britse veroweraars tot 'n nuwe ewewig herstel. Die gewapende opstand van 1914 is 'n getuie- nis van hoe moeilik hul hierdie aanpassing gevind het. Die Eerste Wêreldoorlog het verder sy bydrae van ekono- miese ontwrigting tot die van die Tweede Vryheidsoorlog gelewer terwyl die grondslae van 'n nuwe industrieel- wordende samelewing gelê moes word. Die belange van die goudvelde en die van die landbou het teenoor mekaar te staan gekom en die van die Boer teenoor die van die

---

23. T.O.D. Jaarverslag 1906, 147.

24. Ibid 1924, 47.

25. Raadpleeg: T.O.D. Jaarverslae 1906 tot 1924.

Brit. Adamson moes versoening en aanpassing deur middel van onderwys en opvoeding bewerkstellig.

Politieke geskille het hy steeds uit die onderwys probeer weer. Toe die bevolking in die beginjare oor taal- en godsdienstvraagstukke baie gevoelig was, het hy voortdurend uiteensettinge, verklaringe en vertolkings van hierdie en ander opvoedkundige aangeleenthede met die uiterste sorg en geduld gegee.

As Brit was hy Britsgesind, dog hierdie gesindheid het hy nie getoon nie, omdat hy 'n groter opvoedkundige as imperialis of politikus was. Sy grootste bydraes was dan ook van opvoedkundige aard.

Sy jaarverslae wemel van diepsinnige uiteensettinge oor hierdie aangeleenthede. In sy toesprake, in die boeke wat hy geskryf het en in sy algemene optrede is daar steeds met die opvoedkundige wysgeer kennis gemaak.

Deur hom is daar in Transvaal 'n vaste grondslag vir die onderwys gelê en is onkunde en ongeletterdheid deur 'n stelsel van gratis en verpligte laeronderwys uit die weg geruim.

Sy opvolger<sup>26</sup> het dit eintlik onnodig geag om die merkwaardige stoflike groei van die onderwys in sy diensjare te beklemtoon. Dit was so vanselfsprekend.

Hy kon hom egter nie daarvan weerhou om gunstig na die ontwikkeling van die onderwys as sodanig te verwys nie. Die laer- en middelbare onderwys sowel as die gehalte van sy werk in die opleiding van onderwysers was vir hom ware glanspunte. Daarom het sir John se bedanking in Julie 1924 dan ook nie slegs betuigings van

---

26. H.S. Scott. Vanaf 1 Desember 1924. Sien T.O.D. Jaarverslag 1924, 1 tot 2.



waardering van sy onmiddellike kollegas uitgelok nie maar ook van die onderwyspersoneel as geheel en van die gemeenskap, want deur sy onvermoeide inspanning het hy daarin geslaag om belangstelling in die onderwys te laat toeneem.

„Die Volkstem”<sup>27</sup> het sy voorgenome bedanking met 'n waardige pentekening vereer; terwyl die Christelike Skoolblad<sup>28</sup> hom gelukgewens het met sy „sirskap” en die hoop uitgespreek het dat hy nog lank gespaar sou bly vir die werk wat hy graag nog wou doen.

Prof. J. Chris. Coetzee<sup>29</sup> het soos volg na hom verwys:

„In elke sfeer van die Departement se werk het die afgetrede direkteur sy merk gelaat. In die laerskool is die leerplan georganiseer en gemaak tot 'n lewende instrument van onderwys, en dit is voortdurend gewysig na gelang van omstandighede. In die middelbare skool is sy dienstyf gekenmerk deur 'n tydperk van ongekende ontwikkeling; hy was verantwoordelik vir die instelling van 'n eie eindeksamen. Sy invloed het sig egter veral laat voel op die gebied van die onderwysersopleiding. En boonop was Adamson 'n opvoedkundige filosoof van geen geringe naam nie; sy standaardwerk „Education and Environment” het in alle Engelssprekende lande opgang gemaak. Sy jaarverslae vanaf 1905 tot 1923 is meer as offisiële blouboeke: hulle is vol originele gedagtes.”

By sy heengaan in April 1950 het dieselfde opvoedkundige op gevoelige wyse soos volg geskryf:

„Ons is dit aan die nagedagtenis van hierdie edele mens verskuldig om sy heengaan 'n tydjie gelede in herinnering te bring. Min mense het soveel direkte en indirekte invloed op ons Transvaalse onderwys gehad as sir John.

---

27. 1 April 1924, 2.

28. Mei 1924.

29. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 168.

In die eerste plek moet ons melding maak van sy jarelange diens in Transvaal. Van alle hoofde van ons onderwysdepartement het hy die langste diens gedoen..... Gedurende hierdie tydperk het hy sy stempel op die hele onderwysstelsel gedruk. Hy het veral gesoek na 'n sogenaamde komprehensiewe en aaneensluitende leerplan vanaf die begin tot die einde van die middelbare skool. In 1918 kon hy aan Transvaal so 'n omvattende leerplan gee - 'n leerplan nie sommer so lukraak saamgestel nie, maar ontwerp in die lig van 'n eie filosofie van die opvoeding. Verla moet ons ook noem sy groot werk in verband met die opleiding van onderwysers. Self 'n tydlank hoof van die Normaalkollege, Pretoria, het hy nooit sy belangstelling in die saak van onderwysersopleiding verloor nie. Selfs nadat hy as direkteur van onderwys afgetree het, het hy professor in die opvoedkunde aan die Rhodesuniversiteitskollege geword waar hy weer met die praktiese opleiding van onderwysers te doen gehad het.

Nie alleen as direkteur was hy 'n MAN van hoogstaande bekwaamheid nie. Ook in die geleerde wêreld het hy 'n groot naam gehad: hy was 'n opvoedkundige filosoof van geen geringe begaafdheid en roem nie. Van sy hand het daar verskyn o.a. „Theory of Education in Plato's Republic,” verla sy „Individual and Environment,” en op sy oudag die fynsinnige „Essentials and External.”

Maar hy was groot verla as mens: 'n tere Christen, 'n ware „gentleman”, so beskeie as enige eenvoudige onderwysertjie.

Ons wêreld is armer deur die heengaan van hierdie mens.”<sup>30</sup>

Die Onderwysdepartement het in die volgende woorde huldiging aan hom gebring:

„Daarna het 'n tydperk van konsolidasie en uitbreiding gevolg waarin Adamson deur geesdriftige toewyding aan sy taak daarin geslaag het om die onderwys in al sy aspekte te bevorder.

Sy lewensfilosofie, sy kennis, sy praktiese voorbeeld van aanpassing, sy regskaapenheid, sy beskawing en kultuur het hom daartoe in staat gestel. Die Administrasie en die hele onderwysprofessie het hom by sy uittrede uit die diens dan ook regmatige hulde toegebring vir die bekwame en nougesette uitvoering van sy hoë pligte."<sup>31</sup>

Luister egter na sir John Adamson self.

Die optimus.

"Destinies are, after all, more dynamic than origins. The future is, at all events, untrammelled by vain regrets. Leipoldt struck a sane note when he sang:

„Kêrel, droom jy nog van gisternag?"<sup>32</sup>

Die realis.

"After all, beauty is only skin-deep; while values, real sterling, is soul-deep."<sup>33</sup>

Die wysgeer.

"My answer is that we whose business is the profession of education ought to stand on our own feet . . . ."<sup>34</sup>

Die opvoeder.

"Anyway, one thing is certain: and that is the educational thing. The ego's progress, like the pilgrim's is through the evolutionary mist into the clear air of values. If he lingers too long or loses his way in the mist his movement is likely to be backward. We must see that he keeps moving forward and upward, even if we have to resort to vigorous measures."<sup>35</sup>

"A good school provides an atmosphere in which the ideal sparks which smoulder in the minds and hearts of all healthy boys and girls can burst into flame."<sup>36</sup>

---

31. Departementele Omsendbrief No. 3 van 1950, 90.  
32. Adamson: *Externals and Essentials*, 133.  
33. *Ibid*, 7.  
34. *Ibid*, 94.  
35. *Ibid*, 89.  
36. *Ibid*, 48.

Die direkteur.

"We must take care not to become intoxicated with knowledge and blind to the need for human progress."<sup>37</sup>

Die Christen.

"It would be the depth of folly to ignore the stress, in the young at all events, towards the human in the divine. Unless the schoolmaster feels it, he should leave the school."<sup>38</sup>

Sir John se bedrywige lewe laat 'n mens aan Tennyson se versie dink:

"How dull it is to pause, to make an end,  
To rest unburnished, not to shine in use."<sup>39</sup>

Maar ook vir hom het die laaste uur geslaan. Muizenberg se branders speel nog skuimend voort soos hy dit in sy aandlewe daaglik vanuit Sunrise Mansions 3 aldaar gesien het, maar sy stoflike oorskot rus nou in die dodeakker en terwyl sy werk en invloed ons in die Transvaal nog besiel, klop sy aanpassingsgedagte steeds harder aan die deur van 'n hardhorende wêreld:

"The threefold man must be adjusted to the threefold Universe!"<sup>40</sup>

---

37. Adamson: Externals and Essentials, 108.  
38. Adamson: The Individual and the Environment, 372.  
39. Adamson: Externals and Essentials, 53.  
40. Adamson: The Individual and the Environment, 14.